Oor dié evangelie skaam ek my

Nico Koopman

Prof Nico Koopman is dosent in Sistematiese Teologie en Ekklesiologie by die Fakulteit Teologie, Universitieit van Stellenbosch

Soms verkondig ons die evangelie op maniere waaroor ons eintlik verleë behoort te voel.

Die Suid-Afrikaanse samelewing is aan die moderniseer. Demokrasie is een van die belangrikste boustene van 'n moderne samelewing. In 'n demokrasie wat gebaseer is op 'n grondwet met 'n handves van menseregte wat vryheid sterk beklemtoon, word die gesag van instansies en uitsprake nie deur almal summier aanvaar nie. Baie mense wil oortuig word dat iets op rasionele en empiriese grondslag sin maak, dat dit redelik is, voordat hulle dit as gesaghebbend aanvaar. Dit geld eweneens van die kerk en haar geloofs- en morele oortuigings. Waar ons nie redes kan gee vir dit wat ons glo nie, luister baie mense nie meer na ons nie, groei sekularisasie en word die kerk dus na die kantlyn uitgeskuif.

In so 'n konteks behoort ons te probeer om redes te gee vir wat ons glo, redes wat ook sin maak vir mense wat nie Christene is nie. Die wyses waarop ons dié uitdaging aanpak, maak my egter verleë.

Eerstens is daar diegene in kerklike geledere wat gewoon nie 'n poging aanwend om redes aan te voer vir hul oortuigings nie. Ek het eenkeer 'n televisiedebat gevolg oor die morele aanvaarbaarheid van pornografie. Die redakteur van 'n pornografiese tydskrif het aan die hand van statistiek probeer aantoon dat sekere vorme van pornografie tog voordelig is vir mense. Hierteenoor het 'n predikant wat 'n Christelike posisie probeer stel het, heeltemal tereg konsekwent aangedui dat pornografie sonde is. Hy het egter nie een oomblik probeer om die statistiek van die redakteur te weerlê met beskikbare ander statistiek wat op die gevare van pornografie wys nie. Hy het hom nie eenkeer beroep op navorsing in dissiplines soos die sielkunde, sosiologie, antropologie en selfs volkekunde oor die negatiewe effekte van pornografie nie. Daarbenewens het hy nie probeer om tersaaklike Bybelse beginsels op 'n toeganklike wyse uit te lig nie. Ek word verleë as ons die evangelie op 'n wyse verkondig wat verraai dat ons nie deeglik voorberei het nie en dat ons nie die Here van die evangelie ook met ons hele verstand liefhet nie.

Die groter rasionaliteit verdien erkenning, die rasionaliteit van die mysterium tremendum , die onbegryplike wonder van God se liefde, genade en almag wat ons die duidelikste in Jesus Christus se kruis en opstanding sien en wat ons ervaar in die teenwoordigheid van die Gees.

Ek word egter ook verleë as ons so ver gaan om ons geloofsoortuigings rasioneel insiggewend maak dat ons kosbare waarhede afwater en selfs karikaturiseer. Ons poging om die geloof te verdedig in 'n God wat tegelyk goed en almagtig is, ten spyte van die lyding van soveel onskuldige

mense, is 'n voorbeeld hiervan. Eerder as om die moeder wat haar kleuter in 'n tragiese motorongeluk aan die dood afgestaan het, te troos met woorde soos "die Here het 'n pragtige blommetjie vir sy hemelse blomtuim kon pluk", kan ons ons onmag en broosheid bely. Ons word geroep om eerder net by lydendes teenwoordig te wees. Miskien kan ons ons onvermoë betuig om op rasionele wyse sin te maak van die diepte van die stukkendheid en sonde én van die grootheid en liefde van God. Die grense van die rasionaliteit in positivistiese, modernistiese sin behoort besef te word. Die groter rasionaliteit verdien erkenning, die rasionaliteit van die mysterium tremendum, die onbegryplike wonder van God se liefde, genade en almag wat ons die duidelikste in Jesus Christus se kruis en opstanding sien en wat ons ervaar in die teenwoordigheid van die Gees. Eerder as om rasionele verklaringe te gee, is ons taak dalk liewer om hierdie God te ver-teenwoordig by lydendes. Ons onvermoë om die evangelie van broosheid te lééf, om nie te verklaar nie, maar net teenwoordig te wees, en om nie te doen nie, maar net gewoon te wees, maak my soms verleë.

"It has the ring of a prophet of ancient Israel, especially Amos. Murder! Robbery and theft! Rape! Women and child abuse! Domestic violence! Drug trafficking! Fraud! Embezzlement of public funds! Crooked business dealings! Racism! Muggings! Hijacks! Gangsters! Abusing the Bill of Rights! Laziness! Collapse of the family! Land hunger! Lack of will to resist evil! The growing gulfs between haves and have nots! Slow delivery! Perverted religion! Backbiting! Greed! Selfishness! Moral collapse! Corruption from police to parliament! ..."

In ons moderniserende en sekulariserende samelewing behoort ons sover as moontlik op rasioneel insiggewende wyse rekenskap te gee van die hoop wat in ons leef. Aan dié onderneming, hoe belangrik dit ook al is, is daar egter grense. Die beliggaming van dit wat ons glo, die uitleef van dit wat ons preek – van integriteit, deugsaamheid en karakter – het oortuigingskrag anderkant die grens van die rasionele argument. Miskien behoort 'n evangelie wat dié waarheid uit die oog verloor, ons ook skaam te maak.

Die morele krisis in die Suid-Afrikaanse samelewing gee ook aanleiding tot weergawes van die evangelie wat 'n mens soms verleë maak. Ons is die land met een van die bes ontwikkelde handveste van menseregte, maar ons samelewing is onder die voorbokke in die wêreld ten opsigte van morele verval. Tydens die loods van die Moral Regeneration Movement van die regering in April verlede jaar het een van die sprekers die Suid-Afrikaanse samelewing soos volg beskryf:"*It has the ring of a prophet of ancient Israel, especially Amos. Murder! Robbery and theft! Rape! Women and child abuse! Domestic violence! Drug trafficking! Fraud! Embezzlement of public funds! Crooked business dealings! Racism! Muggings! Hijacks! Gangsters! Abusing the Bill of Rights! Laziness! Collapse of the family! Land hunger! Lack of will to resist evil! The growing gulfs between haves and have nots! Slow delivery! Perverted religion! Backbiting! Greed! Selfishness! Moral collapse! Corruption from police to parliament! ...*"

In so 'n konteks is die gevaar vir prediking wat 'n mens skaam maak groot: In ons oproep tot heilige lewens, tot die moreel goeie lewe, kan ons die werk van die Heilige Gees geringskat en in ons ywer onbedoeld mense laat voel dat hulleself moet sorg dat hulle reg en heilig lewe (werkgeregtigheid). Ons kan in 'n situasie waar mense sukkel om tussen reg en verkeerd te onderskei die morele lewe tot wetlike voorskrifte beperk (wettisisme). Ons kan soms die groter nood van mense, byvoorbeeld die MIV/vigs-pandemie in 'n arm samelewing, uit die oog verloor en morele debatte net op mikro-etiese aspekte, byvoorbeeld die moraliteit van die gebruik van kondome, laat fokus (moralisme). Beide hierdie mikro- en makro-aspekte behoort uiteraard aandag te kry. Jy kan ook die onsekerheid rondom sekere morele keuses in ons dag verdryf deur glad nie na ander sieninge te luister nie en joune as die enigste regte een voor te hou. Boonop kan jy dan bereid wees om jou siening, wat volgens jou trou is aan die evangelie, selfs met geweld verdedig en bevorder (fundamentalisme).

As ek hierdie kort lys van gevare in ons verkondiging verwoord, besef ek opnuut hoe nodig ons as predikers die Heilige Gees en mekaar het om die evangelie konsekwent as God se goeie nuus te verkondig waarvoor ons ons nie hoef te skaam nie.